PREDIKANTE PENSIOENFONDS VAN DIE
NED. GEREF. KERK IN SUID-AFRIKA

Wysiging Nr. 3

Die Beheerliggaam van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika het te Bellville op 22 November 2012 besluit dat met ingang van 1 Januarie 2013 die Reëls van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika vir die onderstaande redes gewysig sal word:

(1) *Om te bepaal dat 'n termynkontrak-leraar vir lidmaatskap van die Fonds mag kwalifiseer indien hy minstens een jaar Diens in 'n pos by dieselfde Deelhebber voltooi het;*

(2) *Om aan te dui dat 'n Lid, met die Deelhebber se toestemming, tot 'n maksimum ouderdom van 70 jaar in Diens mag aanbly, waarna hy moet aftree;*

deur:

(i) *klousule (a) van die omskrywing "Kwalifiserende Persoon" in Reël 2 met die volgende te vervang:*

(a) 'n termynkontrak-leraar met 'n kontrak vir minder as een jaar en met minder as een jaar DIENS in 'n pos by dieselfde DEELHEBBER; en

(ii) *Reël 5.2.2 met die volgende te vervang:*

5.2.2 'n LID wat nie ingevolge Reël 5.2.1 afgetree het nie, moet op sy NORMALE AFTREEDATUM aftree tensy die DEELHEBBER

toestem dat hy tot 'n maksimum ouderdom van 70 jaar in DIENS bly, waarna hy moet aftree.

(iii) Reël 5.2.4 met die volgende te vervang:

5.2.4 'n LID wat toegelaat word om na sy NORMALE AFTREEDATUM in DIENS te bly, tree op sodanige latere datum af soos wat hy met die DEELHEBBER ooreenkom, maar nie later as ouderdom 70 jaar nie.

Gesertifiseer dat die bogenoemde besluit aangeneem is in ooreenstemming met die bepalings van die Reëls van die Fonds.

Voorsitter van die Beheerliggaam	**Lid van die Beheerliggaam**	**Hoofbeampte**

Gesertifiseer dat die bogenoemde wysigings finansieel gesond is.

A. J. KRÜGER

Aktuaris van die Fonds

DEUR MY GEREGISTREER OP HEDE DIE
REGISTERED BY ME ON THIS THE
14th
DAG VAN / DAY OF December 2012
REGISTRATEUR VAN PENSIOENFONDSE
REGISTRAR OF PENSION FUNDS

Handtekening

B. Sc, FASSA, FIA

Kwalifikasies